

Maandag 29 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 25:46

Christene doen van nature goed!

In Matteus 24 en 25 praat Jesus oor die toekoms (*profetiese rede*). Hierdie toekoms lê vir ons vandag nie meer in die verskiet nie, dis reeds hier. Ons leef nou in die *laaste dae*, die eindtyd (Rom. 13:11-13). Die laaste dae word afgesluit met die *eindoordeel* (vs 31-33). Skielik en onverwags sal dit gebeur (Matt. 24:42, 43).

Hoe gaan die eindoordeel wees? O, dit gaan 'n wonderlike hemelse gesig wees: verruklik en terselfdertyd skrikwekkend. Alle mense wat leef, ooit geleef het, klein en groot, sal 'n troon in die lug sien. Groot en majestueus. Op die troon sit Christus, die Seun van die mens, die verheerlikte Kind van Maria, en rondom Hom miljoene engele. Dan begin die engele in opdrag, en volgens die oordeel van Christus, die mense in twee groepe verdeel: regs word die *skaapmense* versamel en links die *bokmense*. Soos die herders in die outyd hulle skape en bokke vir die nag verdeel het.

Die mense regs is die *geseëndes* en ontvang *die koninkryk* (ewige lewe), die mense links is die *vervloektes* en gaan die *ewige dood en vuur* binne.

Hoe word verdeel? Regs is diegene met harte en dade soos Christus, geseënde wedergeborenes, van nature doen hulle oral goed (vs 35-40). Links is die klipharte en wegkykers, die vervloektes. Ons nuwe menswees in Christus en die Gees laat ons van nature goeddoen, al is dit nog onvolmaak.

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)